Vrydag **23 Augustus**

**Skrifgedeelte: Johannes 11:17-27**

**Fokusgedeelte: Johannes 11:17-27**

**Alles sal verander**

Hierdie geloofsbelydenis van Marta is besonders. Dit is ons troos en hoop in ons lewe. Nie net hier op aarde nie, maar die ewige hoop waaraan elke gelowige reeds deel het. Wanneer ons voor ons Here en Verlosser geplaas word, en die genade vloei deur jou wese, dan word jou hart van klip verander in ’n hart van vlees.

Saam met al die ander wonderlike seëninge wat ons dan ontvang, is die gawe om soos Marta in hierdie situasie te kan optree. Om te kan sê: “Maar selfs nou glo ek, weet ek, hou ek vas aan die Opstanding en die Lewe.” Haar broer vir wie sy baie lief was, is pas oorlede, maar wanneer Jesus voor haar staan, is sy steeds vervul met hoop en troos en geloof, met die wete dat hierdie nie die einde is nie, dat wanneer ek in Jesus Christus glo, daar soveel meer is.

“Wie in my glo, sal lewe, al sterwe hy ook.” Daar is so baie om na uit te sien in die lewe hierna, maar Jesus fokus ook weer Marta se aandag op dit wat nou hier voor haar gebeur. “Ek is hier vir jou, vir Maria, en vir Lasarus.” Nou. Nie net vir eendag nie. Glo jy dit? Jesus gee vir elkeen wat in Hom glo die belofte dat alles sal verander. Nie eendag nie, dadelik. En daarom moet ons glo. Glo in die Opstanding en die Lewe, glo in die Christus, die Seun van God, die Een wat na die wêreld toe moes kom.

Dit is wat ons nou dryf, ons nou saam meesleur na die wonder toe van dit wat kom, maar ons ook die troos en krag gee om hier op aarde aan te hou strewe na dit waarvoor God ons geroep het, en hier geplaas het.

*Sing: Psalm 23-1:1, 2*

*Ds. SJL (Lohan) Linde (Pretoria-Wonderboom-Suid)*